# KRUISGENOOT

30 November 2025

## NGK RUSTENBURG-SUID

JESUS LEEF EN ONS MET HOM



# Kontak

**071 436 0102**
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid

ABSA 122 058 012 8

Kaart fasiliteite in die kantoor beskikbaar

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org

# Bid vir mekaar

## Siek of in die Hospitaal

Marjorie Landsberg
Freddie Alberts
Annatjie Smuts
Marie Nel
David Jansen van Vuuren
Lienke Venter
Wimpie Espach
Johann Espach
Marcel Derks
Fancis Jackson
Grietha Paxton
Ronel Clappen

# LEKKER VERJAAR

30 November - Marionette Booyse
30 November - Willem Graham
2 Desember - Michael Claassen
2 Desember - Irene Du Preez (85)
3 Desember - Heindrich Rautenbach
3 Desember - Schalk Scheepers
4 Desember - Sunette De Jager
5 Desember - Natasha Rautenbach
6 Desember - Marco De Jager
6 Desember - Johan Lotheringen
6 Desember - Lienke Viljoen

# bid



**Guatemala**: Bid vir die Bybelgenootskap se pogings om lewens te verander deur Bybelbewusmaking, vertaling en Bybelbetrokkenheid, veral onder die jeug. Bid dat liefde en vrede sal floreer deur gehoorsaamheid aan die Woord van God.
**Suriname**: In Guyana het kinders uit verskeie gemeenskappe nie Bybels in hulle moedertaal nie. Bid vir die projek wat jaarliks 9 000 Bybels onder hierdie gemeenskappe wil versprei.

# Wat is die evangelie?

Ons beskryf dikwels God se genadegawe van verlossing as die evangelie. Die oorspronklike Griekse woord het "'n geskenk gegee aan iemand wat goeie nuus gebring het," beteken. Later word dit vir die goeie nuus self gebruik. Dit is presies wat God vir ons in die evangelie aanbied – goeie nuus oor wat Hy vir ons in Jesus Christus gedoen het. Wat is dan die evangelie?

- Dit gaan alles oor wat God vir ons gedoen het

In 1 Korintiërs 15:1 – 4 herinner Paulus sy lesers aan die evangelie wat hy aan hulle verkondig het. Hulle word gered as hulle vashou aan hierdie boodskap. Maar wat is dit wat hy aan hulle oorgedra het? Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het, en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. God wil hê dat ons ons moet verheug oor die goeie nuus – dit wat Jesus vir ons aan die kruis gedoen het. Ons sonde verdien die dood, maar Jesus het die prys betaal en selfs die dood oorwin sodat ons vir ewig saam met God kan leef.

- Die evangelie gaan alles oor genade.

Maar al is my lewe vir my kosbaar, reken ek dit van geen belang nie as ek maar net my lewenstaak kan voltooi en die dienswerk wat ek van die Here Jesus gekry het kan klaar maak: dit is om die evangelie van God se genade te verkondig (Handelinge 20:24). Paulus se hele lewe was toegewy aan die verkondiging van die evangelie. Dit was goeie nuus, want God gee dit as 'n gratis geskenk. Daar was geen meriete betrokke nie.

- Die evangelie gaan slegs oor God se werk en geregtigheid.

In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe(Romeine 1:17). Dit is baie duidelik dat ons niks tot ons verlossing kan bydra nie Die evangelie is goeie nuus, want dit sê vir ons dat God alles sal doen wat vir ons verlossing nodig is. Ons moet net glo.

- 'n Evangelie van "werke" is nie die evangelie nie

6Dit verbaas my dat julle so gou van God wat julle deur die genade van Christus geroep het, afvallig word en 'n ander evangelie aanneem. 7Daar is geen ander evangelie nie! Tog is daar mense wat die evangelie van Christus probeer verdraai, en dit is hulle wat vir julle in verwarring bring. 8Maar al sou een van ons of selfs 'n engel uit die hemel aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat ons aan julle verkondig het—die vloek van God sal hom tref! 9Ons het dit voorheen al gesê en ek sê dit nou weer: as iemand aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat julle ontvang het—die vloek van God sal hom tref! (Galasiërs 1:6 – 9). Mense is geneig om stadig van die goeie nuus van genade weg te dryf in ons ou denke: dit is ons goeie werke wat ons verlos. Dit is nie goeie nuus nie. Dit is hopeloos om op ons eie goedheid te vertrou as ons die volmaakte God nader. Ons sal nooit "goed genoeg" wees nie.

God wil hê dat ons sy genadegawe moet sien vir wat dit werklik is. God se genade is goeie nuus, want dit los 'n basiese probleem van die mens op – ons sondig; ons is opstandig; ons is nie volmaak nie. Ons kan eenvoudig nie gered word sonder God se werk in ons lewens nie. God dra nie by tot ons verlossing nie ... Hy verlos ons; Hy is die enigste Bron van verlossing. Sy genadegawe is waarlik goeie nuus. Daarom noem ons dit evangelie.




Kaartjies - R100










